Eendrag en Monica skenk R30 000 en hulp in Kayamandi

Foto: Jannie Viljoen

Studente van Eendrag en Monica kos-huise het nie net R30 000 geskenk vir 'n bouprojek in Kayamandi nie, maar het self op die perseel gaan werk.

Tydens Jool het 120 studente van die koshuise die area – deel van die Stellenbosch Munisipaliteit se stedelike vernuwingsprojek – help skoonmaak en ook geverf en gebou.

Mnr Willem Fourie, projekkoördineerder en onderprimarius van Eendrag, het gesê die koshuise het in ooreenstemming met die visie van die US mekaar uitgedaag om betrokke te raak by pogings om die wêreld 'n meer leefbare plek te maak.

"In hierdie gees het ons besluit om ons deelname aan Jool te herstruktureer en so onsself bloot te stel aan die realiteit van mede-Suid-Afrikaners wat in omstandighede slegter as ons eie leef en 'n nederige rol te speel in die proses om 'n oplossing vir hul probleme te kry."

■ **Besoek www.sun.ac.za/eendrag/huisbou of kontak Willem Fourie by tel 084 680 0911 vir inligting rakende betrokkenheid by 2006 se projek.**

Skool op 'n Saterdag!

Foto: Lords of the Grades. Me Victoria Hani, wat al sedert 1993 by die projek betrokke is, besig met 'n bespreking van *Lord of the Flies* in die Engelse klas.

Sowat 530 Graad 12-leerders kry weekliks klas by die Matie Gemeenskapsdiens (MGD) se Khanyisa Learning Project (KLP). Op Saterdae word die Lettere-gebou in Merrimanstraat vir hierdie doel ingespan. Die leerders, van sowat 10 skole in Stellenbosch, Strand, Paarl en Kraaifontein, kry onderrig in 'n volle 12 vakke, aangebied deur 17 onderwysers.

Die doel van die projek is om deur middel van uitstekende onderwys deur goed gekwalifiseerde onderwysers, ekstra klasse in die 12 vakke aan te bied. Tot op hede spog KLP met 'n gemiddelde slaagsyfer van 78%.

'n Groot klem val op Wiskunde en 14 periodes, aangebied in Afrikaans en Engels op HG en SG, word aangebied. Die klasse word met groot entoesiasme en toegewydheid deur sowat 350 Graad 12 leerders bygewoon.

Entrepreneurskapsprogram vir persone met gestremdhede

Matie Gemeenskapsdiens (MGD) het onlangs 'n entrepreneursprogram oor vyf weke vir persone met gestremdhede by die Drakensteinsentrum in Simondium aangebied.

Foto: Trotse ontvangers! Elkeen van die deelnemers het 'n sertifikaat ontvang. Hier is die ontvangers saam met die Sentrum se maatskaplike werker, Celeste Gerber (heel links) en die programfasiliteerder, mnr Henry Africa (heel regs).

Music to their ears

Young people from disadvantaged communities in the Stellenbosch area are now taught computer skills through the medium of music. The Groove Project opens a world of technology to young people and offers them the chance to acquire skills that could provide opportunities in the future.

After two years the learners are skilled in using computers in the production of music and they are competent in the Java™ computer language. Contemporary music (Hip hop) is used to generate interest and to keep the young people motivated while they are learning. Music and computer programming are integrated throughout the program. Students, for example, make music with synthesizers that they have programmed themselves.

Volunteer MPhil (Music Technology) students teach classes, while the Music Technology Department has made the Linux studio available for use of the project.

Ex-Maties are also invited to become involved, as the Groove Project would like to expand their infrastructure to be able to accommodate more young people.

Contact Gerhard Roux at tel (021) 808 2374 or e-mail the@sun.ac.za

Europese gehore gaande oor Libertas-koor in elf tale sing

Die Duitse president en die Nederlandse koningin het getel onder die Europese gehore wat onlangs kon hoor hoe musiek in al elf Suid-Afrikaanse landstale gemaak word. Die Stellenbosch Libertaskoor se suksesvolle konsertreis in Nederland, België en Duitsland het ook daartoe gelei dat 'n Duitse televisiespan van die Beierse Televisiediens (Bayerischer Rundfunk-Fernsehen) in April vanjaar spesiaal na Stellenbosch gereis het om 'n dokumentêre program oor die koor te maak.

Die koor, onder leiding van prof Johan de Villiers, het in November verlede jaar onder meer in Rotterdam opgetree by die amptelike oorhandiging van die nuwe Nederlandse Bybelvertaling aan koningin Beatrix. Die koor se repertorium het 'n nuwe opdragwerk deur die Kaapse komponis Lungile Jacobs-KaNyamezele, die *Messa da Boa Esperanza* (Mis van Goeie Hoop), ingesluit. Die première hiervan is aangebied as deel van die vieringe rondom die 750ste bestaansjaar van die Domkerk in die Nederlandse stad Utrecht. Die mis is saamgestel deur die Nederlandse himnologie-kenner Gert-Jan Buitink, en word gesing in al elf amptelike landstale van Suid-Afrika.

In Duitsland het die koor deelgeneem aan 'n seremonie ter herdenking van gevallenes in oorloë, die Volkstrauertag, waar hulle voor die Duitse president, Horst Köhler en ander hooggeplaastes opgetree het. Hierdie optrede, in die Duitse parlementsgebou, die Reichstag, is deur sowat 700 000 mense op televisie gevolg. Die koor se optrede by die oorhandiging van die Nederlandse Bybelvertaling en in die Duitse dorp Tutzing buite München, is ook op onderskeidelik Nederlandse en Duitse televisie uitgesaai. Laasgenoemde uitsending, sowel as die besoek van die Beierse televisiediens, spruit uit 'n vennootskap tussen die Ekumeniese Stigting van Suid-Afrika (EFSA) se Instituut vir Teologiese en Interdissiplinêre Navorsing met die Lutherse kerk in Duitsland se Protestantse akademie Tutzing, en tussen Beiere en die Wes-Kaap. Die vorige twee konsertreise van die koor na Duitsland was deel van hierdie vennootskap, waarby godsdiensnetwerke, nie-regeringsorganisasies en sakeondernemings betrek word.

Die Beierse Televisie het besluit om die koor te verfilm as 'n simbool van die kultuur-diversiteit van die Wes-Kaap. Die program sal ook aandag skenk aan die natuurskoon in die provinsie, die rol van enkele opheffingsprojekte, sowel as die motto van die Wes-Kaap om 'n "tuiste vir almal te wees".

Die Stellenbosch Libertaskoor is 16 jaar gelede gestig as 'n sigbare vergestalting van die ideale van 'n nuwe Suid-Afrika, en het al verskeie oorsese toere onderneem. Die koor se basis is Stellenbosch, en die meerderheid lede is afkomstig uit dié dorp en omgewing.

MGD nou ook in Kayamandi

Die Universiteit se Matie Gemeenskapsdiens (MGD) het onlangs hul eerste volwaardige kliniek in Kayamandi in Stellenbosch gehou. Alhoewel die Tygerbergse mediese studente reeds sedert 1964 gratis mediese klinieke aanbied, is dit die eerste keer dat die diens na Kayamandi uitgebrei word.

Die MGD se klinieke word in samewerking met reeds bestaande gesondheidsentra gereël en gee sodoende ondersteuning aan dié dienste en word 'n uitmuntende leergeleentheid vir studente geskep. Naweekklinieke word gereël in verskeie areas in die Wes-Kaap en beoog om studente meer blootstelling te gee aan landelike primêre gesondheid. MGD beoog om hierdie ondersteunende Saterdagkliniek een keer per maand aan te bied.

■ **Vir meer inligting, skakel die MGD se Tygerbergtak by (021) 938 9310.**

Foto: So maak mens! Dr Louis Heyns van Pediatrie, maak hier vir mnr Ernst Janse van Rensburg, MBChB-student, touwys tydens een van die naweekklinieke

Ingenieurswese word 60

Die Fakulteit Ingenieurswese het op 8 Desember 2004 sy 60ste herdenking in die Stellenbosse stadsaal gevier met 'n feestelike dinee vir alumni en personeel. Oudstudente het van heinde en verre gekom om dié groot mylpaal met hul tydgenote te deel. Tydens die funksie het die Fakulteit erelidmaatskapsertifikate aan vyf persone oorhandig ter erkenning van hul gewaardeerde diens. Onder hulle was drie voormalige dekane, proff Roux de Villiers, Christo Viljoen en PW van der Walt, asook prof Robbie Reinecke en John Gosling.

Die gasspreker by die gesellige geleentheid was Brian Bruce (groep-uitvoerende hoof van Murray & Roberts Bpk) wat die volgende dag 'n eredoktorsgraad van Universiteit Stellenbosch ontvang het. Die graad DIng, *honoris causa*, is aan hom toegeken vir sy navolgingswaardige loopbaan, sy leierskap en onbaatsugtige toewyding.

Foto voor van links: drie voormalige dekane, proff Roux de Villiers, Christo Viljoen en PW van der Walt, die huidige dekaan, prof Arnold Schoonwinkel. Agter van links is John Gosling, prof Robbie Reinecke en Brian Bruce.